

# **WATERKWESSIES, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE UITWERKING VAN WATERONTTREKING OP DIE LANDBOUBEDRYF IN DIE OBERHOLZER- DISTRIK (CARLETONVILLE-GEBIED), 1959—1972**

*Elize S. van Eeden*

(PU vir CHO)

## **OPSOMMING**

Water issues, with specific reference to the influence of subsidences and water abstraction on the agricultural industry of the Oberholzer district (Carletonville area), 1959—1972.

Pressure on water is, of course, inversely proportional to population growth and the concomitant expansion of agriculture, commerce and industry. Put simply — a growing population imposes ever greater demands on limited water resources. South Africa's early industrialisation saw a concerted effort by the various governments to develop the Witwatersrand. This process went ahead with little consideration being given to the provision of water, beyond the immediate needs of the population at that time. This shortsightedness is now having a dramatic effect on some communities. One such community is Carltonville. The discovery and exploitation of goldmines was to exert pressure on the natural resources of this region. The over-exploitation of alluvial water by the mines led to the existing situation of sinkholes, contaminated water supplies and a threatened agriculture.

## **INLEIDING**

In die moderne Westerse samelewing is waterkwessies deel van die alledaagse problematiek. 'n Verskeidenheid van wateraan-geleenthede, wat wissel van die natuurlike tot die fokus op menslike ingryping, is (histories) geboekstaaf. In Suid-Afrika het etlike gemeenskappe die een of ander probleem rondom water gehad. Een so 'n gemeenskap is Carletonville. Dorpsontwikkeling in die huidige Carletonville-gebied het in 1937 beslag gekry toe die goudmynbedryf in dié area gevestig is. Waar yl gegroepeerde spoorweghuise eens die enigste sigbare sametrekkingpunt van mense was, het die goudvelde in die Verre Wesrand, bekend as

die West-Wits-Lyn, 'n ommekeer teweeg gebring. Dorpe, mense, geld, sake-ondernemings, geleenthede, verbeterde paaie en 'n meer ontwikkelde spoorwegstelsel het spoedig gevolg<sup>1</sup> en so as 't ware inbreuk gemaak op die jarelange outonomie van die landboubedryf in die geweste.<sup>2</sup>

Op 1 Julie 1959 is die Plaaslike of West Wits-gebiedskomitee se ideaal verwesenlik toe Carletonville 'n selfstandige munisipaliteit gekry het. Die grense vir Carletonville soos dit in 1959 bepaal is, is ietwat kleiner as dié waarin die West Wits-gebiedskomitee voorheen gefunksioneer het. Die nuut afgebakende gebied wat vanaf Welverdiend ooswaarts tot by Bank en verder suid tot bo-op die Gatsrandheuwels strek, het ook die mynhooggebiede van Doornfontein, Blyvooruitzicht en Wes-Driefontein sowel as 'n gedeelte van die huidige Western Deep Levels-, Oos-Driefontein-, Elandsrand- en Deelkraal-myngebied ingesluit.<sup>3</sup>

Wat Carletonville se landbougrense betref, verskil dit van die gebied se munisipale grense. Binne die Departement van Landbou se werksaamhede vorm Carletonville nie 'n afsonderlike landboudistrik nie. Dit word as deel van die Oberholzer-distrik beskou wat tot onlangs nog deel gevorm het van die Potchefstroom-substreek in die Hoëveldstreek,<sup>4</sup> en nou in die Gauteng-provinsie val.

Die nuwe munisipale en landbougrense van die Oberholzer-distrik, wat aansienlik verskil van die eertydse landbou-georiënteerde wyk Gatsrand (distrik Potchefstroom) se grense, is kort na 1959 onderwerp aan verdere omwenteling. Dramatiese insinkings en sinkgatvorming as gevolg van die goudmynbedryf se verlaging van die watertafel (vanweë hul onttrekking van water), het die landbou plaaslik intens geraak.<sup>5</sup> Welke effek dit op die boerderybedryf

---

Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, Jaarverslag no. 3: Raad vir die ontwikkeling van natuurlike hulpbronne, 1 Januarie—1 Desember 1950.

E. S. van Eeden, "Die geskiedenis van Gatsrand", M. A.-verhandeling, PU vir CHO, 1988, pp. 21—34.

E. S. van Eeden, "Die ekonomiese ontwikkeling van Carltonville en die invloed daarvan op die gemeenskap", Ph.D. proefskrif, PU vir CHO, 1992, hoofstukke 3 en 4.

N. J. van Wyk, "Natural farming regions of Transvaal", *Farmer's Weekly*, 77, (6 June 1949), p. 52; J. J. Steyn, "Agtergrond tot departementele landbouvoorligting in Potchefstroom substreek", manuskrip, 1985, p. 1.

J. F. Wolmarans, "Die ontwatering van die dolomietgebied aan die Verre Wes-Rand", Ph. D. proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1984, p. 13; Carletonville dokumente. PU vir

gehad het, is nog nie voorheen in enige geskrewe vorm toegelig nie. Dit wat wel beskikbaar is, is in die vorm van konfidensiële verslae, soos onder meer die Komitee oor Gehalte van Water aan die Verre-Wesrand in 1971 onder voorsitterskap van Prof. Van der Merwe Brink.<sup>6</sup> In dié artikel word die invloed van grondverskuiwings op die landboubedryf in die Carletonville-gebied gedurende die periode 1959—1972 bespreek.

## DIE HANTERING VAN ONDERGRONDSE WATERBRONNE

Die voorkoms van ondergrondse waterbronne in die Oberholzer-distrik het dit vir boere tot in die dekade vyftig en vroeër moontlik gemaak om vanaf die Wonderfontein Oog, en tot 1988 vanaf die Oog van Wonderfontein, besproeiingsboerderye in veral die noordelike dele van die huidige Carletonville munisipale gebied te bedryf. Water is uit twee natuurlike fonteine, een op die plaas Oog van Wonderfontein en die ander op die plaas Wonderfontein, verkry.<sup>7</sup> In die vorige eeu reeds het die fonteine as onontbeerlike bronne van water vir boere in die omgewing gedien.<sup>8</sup> 'n Ordelijke struktuur vir die gebruik van water ter plaatse vir besproeiingsdoeleindes is geskep toe die Oberholzer Besproeiingsraad in 1925<sup>9</sup> in die lewe geroep is. Sementkanale is mettertyd gebou; water is hierlangs na boere se plase herlei.<sup>10</sup>

Bogenoemde fonteine het teen 1957 ongeveer 54 miljoen liter per dag gelewer. Goudmynaktiwiteit het langamerhand die stabiliteit van watervoorsiening in die Carletonville-omgewing begin beïnvloed. Gedurende die vyftigerjare is miljoene liter ondergrondse water per dag reeds deur die goudmyne uitgepomp om sodoende 'n oorstroming van ondergrondse mynaktiwiteit te voorkom. Hierdie optrede van die goudmyne het verreikende gevolge vir die gebied gehad, aangesien die watertafel gedaal het en water-

---

CHO-argief, (hierna genoem Carltonville) verwysing 1: Memorandum, Oberholzer Irrigation Board submitted to the Select Committee Water Bill, 1960.

<sup>6</sup> Onderhoud E. S. van Eeden/dr. E. J. Stoch, Januarie 1995.

<sup>7</sup> Wolmarans, "Ontwatering, Verre Wes-Rand", pp. 20—23; Carltonville, verw. 1: Notules, Oberholzer Besproeiingsraad, (s.j.)

<sup>8</sup> Van Eeden, *Gatsrand*, pp. 22-23.

<sup>9</sup> Union of South Africa, *Government Gazette*, 1925, notice 396.

<sup>10</sup> Carltonville, verw. 1: Final report, Interdepartmental Committee on Dolomitic Mine Water for West Rand, November 1960, pp. 5, 9, 22; Wolmarans, *Ontwatering, Verre Wes-Rand* p. 22.

voorsiening vir landboudoeleindes hierdeur bemoeilik is.<sup>11</sup>

Die wyse waarop met ondergrondse water omgegaan is, het uiteindelik 'n kringloop van krisis tot gevolg gehad, onder meer die verskyning van sinkgate. In 1960 het die staat met die Transvaalse en Vrystaatse Kamer van Mynwese rakende die toelaatbaarheid van die ontwatering van sekere grondwater-kompartemente aan die Verre Wesrand onderhandel. Na verskeie vergaderings en ondersoeke is bevind dat die ontwatering van die kompartemente verpligtend gemaak moet word, aangesien dit in landsbelang is.<sup>12</sup>

Kort voordat die Interdepartementele Komitee rakende dolomitiese mynwater in die Verre Wesrand in November 1960 oor die waterkwessie in dié gebied verslag gedoen het, het die natuurlike waterloop te Wonderfontein, vanweë die ondergrondse wateronttrekking, opgedroog. Hierdie water (wat deur die Wes-Driefonteinmyn uitgedomp is), is daarna deur kanale aan die plaaslike Besproeiingsraad oorgedra om die boere se gebrek aan water, vanweë wateronttrekking, op twee punte te vervang. Uit die verslag van die Interdepartementele Komitee blyk dit dat die ontwatering van die Oberholzer-kompartement deur die Komitee voorgestel is. Die voortgesette aktiwiteite van die goudmyne as onontbeerlike ekonomiese bron van inkomste vir die land is as rede vir hierdie voorstel voorgehou.<sup>13</sup>

Uit die Komitee se verslag is dit ook gestel dat 'n ontwaterde kompartement die landbousektor op twee wyses kon affekteer. Eerstens kon die besproeiingsgebied uitgebrei word, aangesien die water wat deur die myne besit is, in kanale gepomp kon word, wat dan verspreiding moontlik kon maak. Sou die hoeveelheid water wat deur die kanale gestuur word egter verminder, onder meer vanweë die myne se toename in waterverbruik, sou boere noodwendig benadeel word. Volgens die verslag was boere se oorskakeling van 'n besproeiings- na 'n droëlandboerdery ook nie

<sup>11</sup> Wolmarans, *Ontwatering, Verre Wes-Rand*, p. 13.

<sup>12</sup> Carletonville, Verw. 1: F. C. Truter, *Report of the joint committee on dewatering of mines Far West Rand*, 1963.

<sup>13</sup> Carltonville, verw. 1: Memorandum, Joint Committee Representative of the Government of the RSA and the Transvaal and Orange Free State Chamber of Mines, 2 December 1963; Carltonville, verw. 1: Uittreksels uit notules, Oberholzer Besproeiingsraad, (s.j).

moontlik nie, aangesien die meeste besproeiingsplase te klein was om as ekonomiese eenhede vir droëlandboerdery benut te word. Ten tweede is bewys dat die onttrekking van water tot die opdroging van boorgatê kon lei.<sup>14</sup> Dit het inderdaad gebeur, en wel alreeds voor die Komitee se verslag bekend gestel is.<sup>15</sup>

Dit is 'n gegewe dat myne daarvan bewus was dat die ondergrondse water sal opdroog. In die verslag is die mening uitgespreek dat veral melkboerderye in so 'n toestand moontlik tot niet kan gaan. Die uitkoop van boere en/of vervangingskemas is van die moontlikhede wat geopper is. Die Interdepartementele Komitee het voorgestel dat in hierdie gevalle die vergoeding die landbouwaarde van die grond moes oorskry.<sup>16</sup>

Instansies gemoed met die betrokke wateraangeleentheid, soos die Besproeiingsraad en die Gesamentlike Komitee rakende ontwatering, was van oordeel dat die Interdepartementele Komitee se voorstelle die beste oplossing vir die sensitiewe wateraangeleentheid in die Carletonville-gebied was. Riglyne vir skadevergoeding is in 1963 deur die Gesamentlike Komitee voorgestel; ook is die stigting van 'n dolomitiese watervereniging aanbeveel.<sup>17</sup> Hiërdie Watervereniging het op 6 Julie 1964 'n werklikheid geword. Boere is deur die Dolomitiese Waterraad versoek om eise in te stel vir verliese gely vanweë watertekorte. Vanweë die verskynsel van sinkgate wat in dié stadium ook in die besproeiingsgebied van die Oberholzer-distrik voorgekom het, is die Staatstegniese Komitee, wat reeds in Januarie 1964 in die lewe geroep is, versoek om onder meer die Dolomitiese Waterraad met advies te bedien.<sup>18</sup>

---

<sup>14</sup> Carletonville, verw. 1: Final report, Interdepartmental Committee on Dolomitic Mine Water, Far West Rand, 1960.

<sup>15</sup> Wolmarans, *Ontwatering, Verre Wes-Rand*, p. 22-23; Carletonville, verw. 1: Final report, Interdepartmental Committee on Dolomitic Mine Water, Far West Rand, 1960.

<sup>16</sup> Carletonville, verw. 1: Final report, Interdepartmental Committee on Dolomitic Mine Water, Far West Rand, 1960; Carletonville, verw. 1: Memorandum, RDLU en Oberholzer-Boerevereniging, 17 Februarie 1966.

<sup>17</sup> Carletonville, verw. 1: Memorandum, Joint Committee Representative of the Government of the RSA and the Transvaal and Orange Free State Chamber of Mines, 2 Desember 1963.

<sup>18</sup> Carletonville, verw. 1: Constitution, Far West Rand Dolomitic Water Association, 26 January 1964.

Dit lyk asof die vrese van boeregesinne vir sinkgate in die Oberholzer-gebied ook na die angswekkende sinkgatvoorval op Blyvooruitzicht in die nag van 3 Augustus 1964 toegeneem het, aangesien sinkgate wat hierna op landbougrond in die gebied voorgekom het, skerp reaksie, selfs paniek ontlok het.<sup>19</sup> 'n Aantal boere in die Rooipoort-omgewing is teen 1966 deur die Staats-tegniese Komitee aanbeveel om hulle plase te ontruim. Dit het ook, byvoorbeeld, vir die meeste Nortjé's, met 'n jarelange verbintenis met die plaas Rooipoort 109 IQ (destyds 50 IQ), gegeld.<sup>20</sup> Boere is hierna deur mnr P. M. K. le Roux, minister van Waterwese, daarvan verseker dat hulle verseker vir die verliese gely, vergoed sou word.<sup>21</sup>

Boere in die besproeiingsgebied is ook belowe dat as hulle noodgedwonge, vanweë 'n watertekort vir besproeiing, uitkoop moes word en die res van die plaas nie 'n ekonomiese eenheid vorm nie, hierdie gedeelte wel ook uitkoop sou word. Watervoorsiening by wyse van toevoerkanale het egter toe alreeds aandag ontvang ten einde die normale gang van besproeiingsboerderye te verseker.<sup>22</sup>

Van die besproeiingsboere was egter, te midde van dié baie versekerings, gefrustreerd en ontevrede, aangesien van hulle na bewering nooit uitbetaal is nie.<sup>23</sup> Die Oberholzer Besproeiingsraad se bevoegdheid om die beskikbare water eweredig onder die ingelyste eienaars te verdeel, het waarskynlik ook twyfel gewek. Mynbedrywighede is deurlopend as sondaar vir die gebied se versakkende grond, wat onder meer met swakker landbouvooruitsigte gepaard gegaan het, gekruisig.<sup>24</sup> Dit was veral die beginsels waarvolgens die uitbetaling van skadevergoeding geskied het, wat ongelukkigheid veroorsaak het. Skynbaar het duurgekoopte plase, in teenstelling met die toename van grondpryse regoor die res van die land, in hierdie stadium feitlik geen ver-

<sup>19</sup> *Sunday Times*, 24 October 1964.

<sup>20</sup> *Die Vaderland*, 3 Februarie 1966.

<sup>21</sup> *Die Transvaler*, 22 Februarie 1966.

<sup>22</sup> *Herald vir die Goue Weste*, 26 November 1965.

<sup>23</sup> Carletonville, verw. 1: Memorandum, RDLU en Oberholzer-Boerevereniging, 17 Februarie 1966.

<sup>24</sup> *Ibid.*

koopswaarde gehad nie. Gevolglik sou hierdie boere nie hul beleggings in kontant kon omsit om sodoende 'n soortgelyke heenkome elders te vind nie.

'n Watertekort was die besproeiingsboere se ander frustrasie. Tesame met die probleem van sakkende grond, het dit die ekonomiese winsgewendheid van besproeiingsboerderye ontwig en/of bemoeilik: hellings het as gevolg van 'sinkgate oornag verander, skeure wat besproeiing gevaarlik en bykans onmoontlik gemaak het, het voorgekom, en besproeiingswater was as gevolg van die uitgeputte ondergrondse watervoorrade nie gedurende droeë seisoene beskikbaar nie.<sup>25</sup>

Sowat 200 besproeiingsverbruikers, waaronder etlike boere, se aktiwiteite is deur die bovermelde probleme geraak. Die bedrywighede van die Oberholzer Besproeiingsraad is veral deur die uitgeputte watervoorraad beïnvloed. Mynaktiwiteite het die waterbronne wat dié Raad hanteer klaarblyklik so drasties verminder dat die finansiële implikasies en administratiewe las te veel geword het. Gevolglik het die minister van Waterwese reeds vroeg in Februarie 1966 die Oberholzer Besproeiingsraad vir drie jaar tydelik van sy pligte onthef en enkele amptenare aangewys om ondertussen slegs basiese verpligtinge te behartig.<sup>26</sup>

### **VERDERE KRISISSE EN ABNORMALITEITE**

Myne in die omgewing het al teen 1966 water van die Randse Waterraad vir huishoudelike gebruik aan meer as sowat 30 boere, wie se boorgate opgedroog het, verskaf.<sup>27</sup> Mynwater is ook vir besproeiingsdoeleindes beskikbaar gestel. Soos wat verwag is, kon 'n konstante vloei van water deur die mynkanaal nie volgehou word nie, omdat sommige verbruikers klaarblyklik 'n hoë kwota water op sekere dae verbruik het. Verdere reëlings het hieruit voortgevloei, sodat alle verbruikers gelykwaardig behandel is. Aandag is ook aan die uitbreiding van die Besproeiingsraad se kanaal in die omgewing van Bank en Wonderfontein gegee. As gevolg hiervan het die Kamer van Mynwese gemeen dat boere in

---

Ibid.

*Die Transvaler*, 5 Februarie 1966; Carletonville, verw. 2: Brief, Sekretaris van Waterwese/Die Transvaalse Landbou-Unie, 26 Junie 1968.

Ibid.

die gebied 'n goeie winterseisoen behoort te hê en dit vir die Dolomitese Waterraad dalk nie nodig sal wees om skadevergoeding aan boere, weens 'n verlies van gewasse as gevolg van droogte, te betaal nie.<sup>28</sup>

Dit blyk egter dat die jaar 1966 oorwegend 'n droë jaar was en dat van die boere wel skade gely het. Sommiges se koringoeste is boonop deur 'n swaar neerslag in November verwoes. Op inisiatief van die Oberholzer-boerevereniging is in Februarie 1966 'n advieskomitee, genaamd die Transvaalse Landbou-Unie (TLU)-advieskomitee, gestig. Dit is op die been gebring met die doel om boere onder meer met onderhandelinge en met die opstel van eise om skadevergoeding, soos die Koringoesgeval, by te staan.<sup>29</sup>

Gedurende 1967 het die Advieskomitee ook aandag aan die markwaarde van landbougrond in die Oberholzer-distrik gegee, aangesien daar steeds 'n ontevredenheid onder boere rakende die Dolomitese Waterraad se waardasiebepalings van grond geheers het.<sup>30</sup> Hierbenewens is eise wat ook nie na behore geskik is nie, sowel as sommige eise wat afgekeur is, ondersoek.<sup>31</sup> Die Komitee het ook die klagtes van boere, onder meer dat die Wes-Driefonteinmyn besoedelde water met skadelike minerale elemente soos boor en alimunium in die besproeiingskanale gestort het, ondersoek.<sup>32</sup> Hierdie ondersoek het 'n wye reaksie tot gevolg gehad.<sup>33</sup>

Sommige boere het beweer dat dié vermeldde besoedeling die plantegroei en dierelewe in die omgewing geraak het. As voorbeeld is die abnormale afwesigheid van saad tydens die oes van bokwiet, mielies en koring, die swaar pigmentering van gras en

---

<sup>28</sup> *Carltonville Herald*, 18 Februarie 1966; Carletonville, verw. 1: Herinneringe, mnr G. Hommes, 29 November 1988.

<sup>29</sup> Carletonville, verw. 2: Brief, Transvaal and Orange Free State Chamber of Mines/Far West Rand Dolomitic Water Association, 13 April 1966; Carletonville, verw. 1: Old claims not solved, purchases, 1966-1968.

<sup>30</sup> Carletonville, verw. 1: Notules, TLU-Advieskomitee... notule, 26 April 1967.

<sup>31</sup> Carletonville, verw. 2: Brief, Transvaal and Orange Free State Chamber of Mines/E.J. Stoch, 1 Mei 1967.

<sup>32</sup> Carletonville, verw. 1: Notules, TLU-Advieskomitee ... notules, 26 April 1967 asook 27 Oktober 1967; 1 November 1967 en 3 November 1967.

<sup>33</sup> Vergelyk die berigte wat in die volgende koerante verskyn het: *Transvaler*, 4 November 1967; *Sondagstem*, 22 Oktober 1967; *Die Vaderland*, 3 November 1967; *Carltonville Nuus*, 9 November 1967.



klawer wat vir voerdoeleindes aangeplant is, sowel as 'n abnormale hoeveelheid vrektes, misgeboortes en wanskapenheid wat onder visse, bokke en varke voorgekom het, genoem.<sup>34</sup> 'n Deputasie van die Advieskomitee na die Minister van Mynwese en Beplanning het tot die aanwysing van 'n kommissie om die beweerde waterbesoedeling te ondersoek, aanleiding gegee.<sup>35</sup>

Ondersoeke gedurende 1968 met betrekking tot waterbesoedeling het aan die lig gebring dat 'n uitermate tekort aan kalsium in die water moontlik die rede vir 1967 se misoeste en swak veeteling kon wees. Daar is bespiegel dat sommige minerale, sowel as verskeie radioaktiewe isotope, wel 'n nadelige uitwerking op die kalsiuminhoud van die water kon gehad het.<sup>36</sup> Op sy beurt het Lever's Stock Feeds Propriety Limited van Boksburg in November 1968 'n analise van die water wat op J. E. Hommes se plaas verbruik word, gemaak, en bevind dat die water, afgesien van die hoë konsentrasie boor, tog suiwer is. Hommes se probleme met sy varkboerdery is voorts deur Lever's aan die hoë konsentrasie boor gewyt.<sup>37</sup>

Geen klinkklare bewyse vir hierdie abnormaliteite is egter deur die Kommissie van Ondersoek gevind nie. Die TLU-Advieskomitee was egter nie hiermee tevrede nie en het daarop aangedring dat alle bevindinge van die Kommissie publiek gemaak word. Dit het nie gebeur nie.<sup>38</sup> Dit wil voorkom asof dié netelige kwessie na

<sup>34</sup> Carletonville, verw. 2: Brief, J. E. Hommes/Far West Rand Dolomitic Water Association, 11 Oktober 1967; Carletonville, verw. 1: Herinneringe, mnr G. Hommes, 29 November 1988; Carletonville, verw. 1: Notules, TLU-Advieskomitee ... notules, 26 April 1967 asook 27 Oktober 1967 en 15 Februarie 1968.

<sup>35</sup> Carletonville, verw. 1: Notules, TLU-Advieskomitee... kennisgewing van 'n aanstelling van 'n TLU-Advieskomiteelid op die Kommissie van Ondersoek, 17 November 1967.

<sup>36</sup> Carletonville, verw. 1: Memorandum, TLU-Advieskomitee, 3 November 1968 (Dokumenteversameling dr. E.J. Stoch). Blykbaar kom 'n hoë fosfaatinhoud ook plek-plek in die Oberholzer-gebied voor. Dit kan glo die osmotiese proses van gewasse, as gevolg van die hoë soutgehalte, benadeel. Kyk Carletonville, verw. 3: telefoniese inligting, met betrekking tot uittreksels uit mnr M. Vorster se verslag oor die geohidrologie van die Wonderfontein-gebied, telefonies verkry van 'n dr Bredenkamp, Departement Geohidrologie, Pretoria, 10 Augustus 1989.

<sup>37</sup> Carletonville, verw. 2: Brief, Lever's Stock Feed Pty. Ltd/J. E. Hommes, 1 November 1968. In hierdie stadium is bespiegel dat waterbesoedeling die inwoners, wat van die water gebruik het, ook geaffekteer het. Kyk Carletonville, verw. 3: Onderhoud, E. J. Stoch, 19 April 1989 en Herald vir die Goue Weste, 29 November 1968.

<sup>38</sup> Carletonville, verw. 1: Notules, TLU-Advieskomitee...: notule, 2 Desember 1968.

1968 vir jare eenvoudig net 'n stille dood gesterf het. Tans is daar egter weer sprake van 'n ondersoek in dié verband.

Besproeiingsboere het gedurende die aktiwiteite van die Kommissie van Onderzoek voorgestel dat die Wes-Driefonteingoudmyn die water wat uit die Bank-Kompartement gepomp word, regstreeks na die Bank-kanaal moes voer en dat dit nie eers deur die mynaanleg moes gaan nie<sup>39</sup> om sodoende moontlike besoedeling te beperk. Oënskynlik het dit nie gebeur nie. Voorts was die vlak van die Bank-oog teen 1968 in ieder geval besig om te sak.<sup>40</sup>

### **KONFLIK RONDOM DIE STELSEL VAN SKADEVERGOEDING**

Te midde van die gebeure rondom Bank-oog het van die boere in die gebied besluit om die gebied vrywillig te verlaat. 'n Waterskaarste en stryd met die myne oor die beweerde besoedeling, sowel as die uitputting van die eens ryk ondergrondse waterbronne, het klaarblyklik vir sommige boere eenvoudig te veel geword. Die negatiewe gesindheid is versterk deur die vorige jare se oesmislukkings en veeverliese, wat aan hierdie probleme gewyt is. Finansiële laste het opgehoop, en die Dolomitiese Waterraad is weens hulle streng keuring alvorens eise om skadevergoeding uitbetaal word, verwyd.<sup>41</sup>

Alhoewel die Regering die probleme van besproeiingsboere in die Oberholzer-gebied, soos wat dit in 1967 en 1968 te berde gekom het, simpatiek gesind was, blyk dit volgens die Advieskomitee dat boere steeds nie genoeg hulp en betrokkenheid van Staatsweë ontvang het nie. Boere het hulle op die owerheid beroep om hulle teen die mynbesture te beskerm wat moontlik hulle swak finansiële posisie, as gevolg van die bestaande toedrag van sake, kon uitbuit.<sup>42</sup> Die Regering is ook deur die boere versoek om die waterwette op te knap, aangesien dit geen beskermende klousule vir ondergrondse waterregte bevat het nie.<sup>43</sup> Ten opsigte van laasgenoemde het mnr S. P. Botha, die adjunk-minister van Water-

<sup>39</sup> Carletonville, verw. 1: Notules, TLU-Advieskomitee...: notule, 15 Februarie 1968.

<sup>40</sup> *The Star*, 13 March 1968.

<sup>41</sup> *The Star*, 13 March 1968; Carletonville, verw. 1: Memorandum, TLU-Advieskomitee, 16 Mei 1968.

<sup>42</sup> Carletonville, verw. 1: Memorandum, TLU-Advieskomitee, 16 Mei 1968.

<sup>43</sup> Carletonville, verw. 1: TLU-Kongres, beskrywingspunt, Mei 1968.

wese, kort hierna verseker dat dit in die proses is.<sup>44</sup> Teen 1972 was daar egter nog geen sigbare tekens van aanpassings nie.

'n Onverwagse waterinvoer in die Wes-Driefontein-myn vanaf 26 Oktober 1968 het verreikende gevolge vir die Bank-oog ingehou.<sup>45</sup> Van Staatsweë en die mynowerhede se kant is die stelselmatige ontwatering van die Bank-Kompartement as die enigste oplossing voorgelê. Op 30 Oktober dié jaar is 'n permit, met voorwaardes en verpligtinge ten opsigte van die onttrekking van ondergrondse water by Bank aan die Wes- en Oos-Driefonteinmyn voorgelê. Beide het dit aanvaar, en die onderneming is op 26 September 1969 gemaak en 'n permit op 18 November dié jaar uitgereik.<sup>46</sup> Die gevolg hiervan was dat die Bank-oog, tien jaar en drie maande nadat die Wonderfontein-oog ontwater is, op dieselfde wyse voor die eise van goudmynontwikkeling moes swig.<sup>47</sup>

## ONTWATERING EN DIE NUWE LANDBOUERS

Vanweë die ontwatering van die Bank-Kompartement was die boere van dié omgewing teen 1970 in 'n ekonomiese stryd gewikkel. Ontwatering het soveel sinkgate in die gebied meegebring dat boerdery in dié geweste nie meer lewensvatbaar was nie. Bank se boere, waar 54 sinkgate gedurende 1970 gevorm het (Wolmarans, 1984), was verplig om hul plase te ontruim,<sup>48</sup> waarna dit deur die Dolomitiese Waterraad uitgekoop is. Dit het die landbousektor in die Oberholzer-gebied in hiërdie stadium 'n groot knou gegee, aangesien dit veroorsaak het dat die hoeveelheid boere drasties verminder het.<sup>49</sup>

Dit blyk asof die nuwe prosedure met betrekking tot die uitkoop van eiendom deur die Raad, waarby een of meer waardeerders betrokke was, die oorblywende boere in die Carletonville-gebied

<sup>44</sup> Die Landbouweekblad, 21 Mei 1968, p. 20.

<sup>45</sup> Wolmarans, *Ontwatering, Verre Wes-Rand* p. 170.

<sup>46</sup> Carletonville, verw. 1: Opinion, 1969, pp. 1-23; asook memorandum insake voorgestelde permit ten opsigte van ontwatering van Bank-Kompartement aan Minister S. P. Botha, 29 Oktober 1969.

<sup>47</sup> Bank-oog was op 1 Desember 1969 letterlik droog. Kyk Wolmarans, *Ontwatering, Verre Wes-Rand*, p. 170.

<sup>48</sup> *The Star*, 3 March 1970.

<sup>49</sup> PU vir CHO, Voortgesette streekopname van Beheerde Gebied no. 2: gebied Westonaria-Welverdiend, verslag no. 3, 1956/57, pp. 83, 94-95.

teen 1970 meer tevrede gestem het. Die vergoedingsbedrae vir plase is oor die algemeen as billik en aanneemlik beskou.<sup>50</sup> As gevolg van hierdie gunstiger toedrag van sake het die TLU-Advieskomitee se werksaamhede in 1970 nie-amptelik tot 'n einde gekom.<sup>51</sup>

Gedurende die vroeë jare sewentig het die stand van boerdery-bedrywighede in die Carletonville-gebied baie verander, onder meer vanweë die Dolomitiese Waterraad se uitkoop van grond. Daarby het die polemieë in verband met die beweerde besoedeling van water gedurende 1967 tot 1972 'n verdere nadraai gehad toe onder meer Hommes, as gevolg van sy probleme hiermee, sy varkboerdery in die Oberholzer-distrik gestaak het. Die Dolomitiese Waterraad het sy plaas ook uitgekoopt. Kort hierna is Hommes se plaas, soos dié van baie ander, vir boerderydoeleindes verhuur.<sup>52</sup> Dit het mettertyd vele nuwe gesigte in die plaaslike landbousektor tot gevolg gehad.

### GEVOLGTREKKING.

Die landboubedrywighede in Carletonville was voor die ontginning van goud in die gebied rondom 1937 die kernaktiwiteit van die ekonomie. As nuwe ekonomiese stimulant was die ontsluiting van goud daarvoor verantwoordelik dat die landbou van sy ekonomiese primaatposisie in die Carletonville-distrik ontnem is.

Die opkoop van plase deur goudmynmaatskappye, sowel as dorpsontwikkeling en gevolg deur die herindeling van distriks-grense deur die Transvaalse Provinsiale Raad, is ook aspekte wat daartoe meegewerk het dat die omvang van die landbou in die gebied teen die vyftigerjare verskraal het.

Alhoewel droëlandboerdery nie totaal vreemd aan die gebied is nie, maak die meeste boere van besproeiing in die akkerbou- en groentebedryf gebruik. In die lig hiervan is dit nie vreemd dat die

---

<sup>50</sup> Die Transvaler, 3 Augustus 1974; Carletonville, verw. 3: Onderhoud, mnr A. J. du Buys, 17 Februarie 1989 en dr E. J. Stoch, onderskeidelik boer en sakeman, Carletonville, 27 Junie 1990.

<sup>51</sup> Carletonville, verw. 3: Onderhoud, dr E. J. Stoch, 27 Junie 1990.

<sup>52</sup> Carletonville, verw. 3: Onderhoude, mnr V. van Aswegen, 3 Maart 1989 en mnr G. G. Toxopeüs, 3 Maart 1989 asook Carltonville, verw. 1: Herinneringe, mnr G. Hommes, 29 November 1988.

geweldige grondverskuiwings van die sestigerjare in Carletonville ook vir sy boeregemeenskap 'n terugslag was nie, aangesien water die hooforsaak vir hierdie krisis was. Die myne se onttrekking van ondergrondse water, gevolg deur verspreide gevalle van oppervlakteinsinking en die opdroog van boorgate, het die boere baie nadelig getref. Net soos met Bank-dorp het sinkgate byna oornag 'n einde aan alle boerderybedrywighede in die Bankgebied gebring. Die eens waterryke Wonderfontein en Oog van Wonderfontein moes as gevolg van die myne se ondergrondse drooglegging daarvan plek maak vir 'n verspreide netwerk van vore en kanale. Van die onttrekte water is na die boere versprei. Ook dit was vir sommige boere 'n probleem.

Gerugte van watervergiftiging deur die goudmyne het die tydelike wrywing tussen die landbou- en die mynbousektor vererger. Beskuldigings van misvormde gewasse en diere is as bewys voorgelê, maar konkrete getuienis kon nie teen die goudmyne ingebring word nie. Daarby is die verslag van die ondersoek in die vroeg-sewentigerjare tot vandag toe nog nie vrygestel nie omdat dit as "hoogs vertroulik" beskou is.

Die *status quo*-situasie het egter uiteindelik tot gevolg gehad dat verneme boere hul plase verkoop het. Uiteraard het die meeste in die besit van die goudmynbedryf gekom en word hulle sedert 1972 verhuur. As uitvloeisel van sommige boere in Oberholzer-distrik se ongelukkigheid met betrekking tot die proses van wateronttrekking en die stilswye wat ervaar is rakende die watergehalte, was eise teen 1972 deels bygelê.

Onlangs is 'n intensiewe ondersoek opnuut geloods rakende die gehalte van die water wat die boeregemeenskap via die netwerk van die Oberholzer Besproeiingsraad bereik. Dit kan inderdaad beskou word as 'n voortsetting van die stryd rondom grondbesit, demokratiese regte en publieke reg. Verskeie besluite is geneem, onder meer dat 'n forum eersdaags op die been gebring word om die watergehalte vanaf Krugersdorp tot in Potchefstroom te ondersoek. Die rede vir laasgenoemde se insluiting is die feit dat die water wat in die Wonderfonteinspruit beland in die Potchefstroom-

---

gebied unieer.<sup>53</sup> Boorgate is reeds gesluit. Tans word die moontlikhede van radio-aktiewe besmetting ook ondersoek.

---

<sup>53</sup> Potchefstroom Herald, 14 April 1995; 21 April 1995; Carletonville, (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud, dr L. Stroch, 10 Junie 1995.